# ENKELE OPMERKINGE OOR LEWE EN DOOD IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Lewe en dood is vir die juris net sulke belangrike verskynsels of werklikhede as wat hulle vir enige ander mens is.

Enersyds maak die regsgeleerde juis 'n lewensbestaan deur sy beroep, omdat regsvoorskrifte nie altyd duidelikheid bied oor die vraag presies wanneer 'n regsubjek juridies gebore of dood is nie — en daardie voorskrifte dus beredeneer en vertolk moet word, dikwels in 'n hofsaak waarvan die oorledene of nog ongebore subjek se boedel die koste moet betaal.

Andersyds spook die regsgeleerde, juis omdat hy soms regsfilosofies raak, of juis omdat hy sy eie doodsheid as wetgewer nie kan afskud nie, al eeue lank om lewe en dood, ten einde groter regsekerheid oor juridiese lewe en dood te bewerkstellig. Reste van hierdie gees(tes) produkte skyn selfs onsterflik te wees. Gelukkig dat daar ook van hulle doodgebore was.

Die gevolg van hierdie belangrikheid van lewe en dood vir die juris, is dat dit vandag net so moeilik is as wat dit gister was om 'n enigsins aanvaarbare betekenisinhoud aan elk van hierdie woorde te gee, d.w.s. in juridiese sin. En môre sal dit moontlik nog moeiliker wees, want dan is dit ook weer nie bekend watter van die ou betekenisse nog geld en dus in daardie sin leef nie. En so gaan die gesug voort.

Met die oog hierop kan ek met hierdie voorlesing allermins te kenne gee dat ek maar enigsins alle Suid-Afrikaanse regsvoorskrifte rakende die twee begrippe lewe en dood, kan noem, verduidelik en juridies verantwoord. Daarom het ek die titel van die lesing verander van: „Lewe en dood in die Suid-Afrikaanse reg" na: „Enkele opmerkings oor lewe en dood in die Suid-Afrikaanse reg."

Eintlik bly dit nog vereiste dat die begrippe „lewe", „dood" en „Suid-Afrikaanse reg" aan die begin gedefinieer moet word. Die juris wat dit in 'n lesing soos hierdie kan doen, moet egter nog gebore word. As ek dit hier probeer doen, sou u as toehoorders seer seker nie lank genoeg leef om dit alles aan te hoor nie, of lank genoeg daarna leef nie. Moontlik sal u self voor die tyd eenvoudig aan my toon wat die woorde beteken of behoort te beteken.

Ek probeer dus nie sodanige formulering nie, maar bied liefs aan 'n breë oorsig van voorskrifte in ons reg waarin hierdie begrippe 'n rol speel, met hierdie kort gestelde uitgangspunt vooraf:

Vir ons aan die P.U. vir C.H.O. is dit nie net vanselfsprekend nie, maar inderdaad wetenskaplik te verantwoord, dat die woorde lewe en dood in die biotiese en psigiese sin daarvan, nie lewe en dood in die juridiese sin is nie. Ons staan trouens op die standpunt dat die juridiese aspek van die werklikheid nie te vereenselwig is met ander aspekte van die werklikheid nie. Verdediging van hierdie standpunt vind ek dus hier nie nodig nie.

Dat ons reg inderdaad ook op die standpunt staan, kan die volgende help bewys:

Die reg bereken op sy eie manier die getal dae wat 'n gedaagde gegun word om op 'n dagvaarding te antwoord.

Wanneer 'n wet van terugwerkende krag gemaak word, het die juris met 'n heel ander krag te doen as die krag wat aan die natuurkundige bekend is.

Die reukvermoë van 'n bloedhond, iets wat vir die sielkundige of dierkundige van besondere betekenis mag wees, gebruik die juris in omstandighede en ignoreer hy in omstandighede.

Die persoon wat volgens 'n psigiater ontoerekeningsvatbaar is, sal nog deur die juris gestraf word.

Die ekonoom se winsbegrip is nie die van die juris nie.

Die taalgeleerde se manlike „hy". sluit vir die juris dikwels die vroulike „sy" in.

Soms beteken „en" eenvoudig „of", of „of", „en"!

Lewenslange gevangenisstraf is nie gevangenisstraf vir die hele lewe lank nie, hoewel dit soms daarop kan uitloop dat 'n week se tronkstraf lewenslank was.

Die juris vermoed dood waar wel nog „lewe" mag wees — en hy hou rekening met moontlike lewe waar dit nog lank nie ontstaan het nie.

Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word, maar is blykbaar genoeg om die opmerking te hoor dat die reg so in sy eie wêreld leef, dat hy maar net met fiksies en vermoedens werk en dat die grootste fiksie te vind is in die vermoede dat alle persone die reg ken! Dit is egter nie so dat die reg ander wetskringe ontken nie. Dit is ook nie so dat alle mense die reg ken nie. Dit is net so dat daar 'n regswerklikheid is wat nie te ontken is nie en wat moeilik geken kan word.

Nou moet meteen verklaar word dat 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse reg geskep is deur mense wat nie meer leef nie. Voorstanders van kodifikasie verklaar daarom. miskien onbewus, dat die dooie hand ons vandag regtens beheer. Heeltemal waar is so 'n verklaring nie. Ek wil egter nie ingaan op die vraag in hoeverre Suid-Afrikaanse regsgeleerdes ten taak het die blaas van nuwe lewe in baie afdelings van ons reg nie, en bepaal my dus tot die ondersoek soos hierbo aangedui.

Suid-Afrikaanse regsvoorskrifte rakende lewe en dood het nie net betrekking op die mens nie. Daardie regsvoorskrifte gaan m.a.w. nie net om vrae soos die volgende nie: wanneer is 'n mens gebore; wanneer leef hy; watter gevolge tree met die ontstaan van die lewe in; wanneer tree die dood in; wat is die gevolge daarvan; wat is die gevolge van bepaalde lewensduurte — en so meer. Die ontstaan en beëindiging van lewe is met ander woorde regsfeite wat nie net betrekking het op die mens nie. Voor ek hierdie feite en vrae in hul betrokkenheid tot die mens aanraak, wil ek die volgende noem:

Die bioloog ken seker nie so iets soos „lewe" toe aan getalle, ruimte of bloot fisiese objekte nie. Maar wanneer vir die wiskundige gesê word dat hy met dooie syfers werk, ontken hy dit! Vir die kunstenaar leef 'n skilderstuk; die sielkundige bestempel iemand se gevoelslewe as dood.

Wat verhinder nou die juris om 'n regslewe toe te ken aan die getal tien; aan die ruimte wat 'n dam water beslaan; of aan 'n elektriese stroom? Niks, behalwe regsoorwegings. Natuurlike beweging is

wel nog nie lewe in biotiese sin nie, maar die reg kan daarvan sodanig kennis neem dat hy dit, vanweë eie regsoorwegings, ook as regslewe beskou, sonder dat hy daarmee te kenne gee dat alle lewe tot materie of krag herlei kan word.

Ek kom op hierdie aspek van die reg terug wanneer ek dit kortliks oor regspersone het, hoewel ek dadelik moet verklaar dat ons reg, na die mening van sommige juriste in alle geval, wel 'n juridiese lewe aan sogenaamde bloot fisiese objekte toeken, nl. aan die stigting, wat uit 'n vermoënskompleks bestaan.

Daarmee is myns insiens beklemtoon dat lewe en dood deur die juris gesien moet word as juridiese lewe en dood.

Die ontstaan, voortbestaan en beëindiging van die lewe van plante en diere is nie in ons reg ongereël gelaat nie. Daarmee is ook weer eens 'n juridiese betekenis aan die woorde lewe en dood op hierdie terrein gegee.

Die mens se bevoegdhede en gedraginge ten opsigte van hierdie dinge, is by hierdie regsreëling betrokke.

Laat my in die breë die toestand soos volg toelig, ook met die oog daarop dat die mens geen onbeperkte reg het om op hierdie terrein lewe te laat ontstaan, te laat voortduur of te beëindig nie.

Die grondeienaar word eienaar van die boom en gewas wat op sy grond wortel skiet, want dan vorm dit deel van die grond. Lewe was daar seker in die saad en ook moontlik andersins in die grond, voor die saad wortel geskiet het.

Die huurder kan wel in sekere omstandighede sekere soorte bome op die gehuurde grond plant, maar daarmee kan hy, juis omdat hulle wortel skiet, sy eiendomsreg op die saad verloor en hang sy vergoeding vir die verbetering van talle faktore af. Van 'n weiplaas mag die huurder nie uit eie reg 'n saaiplaas maak nie, dus plantelewe uitwis en vervang nie.

Die besitter ter goeder trou is net geregtig op daardie vrugte van die saak wat hy ter goeder trou besit, wat hy reeds ten tyde van die sluiting van die pleitstukke om besit van die saak, geniet het. Soms word daar gepraat van vrugte wat hy verbruik het, maar dit is die geval omdat die vertaling van De Groot hier nie goeie aandag geniet het nie. Of hy nou eers die skaap moet slag en eet voor hy eienaar word, is nie so seker nie. Die eienaar van die koei is darem meteen eienaar van die kalf. En die besitter ter kwader trou kan blykbaar slag en eet solank hy maar net die verantwoordelikheid verder dra! Eienaar word hy darem nie.

Die vruggebruiker het die reg om lewende bome op die grond waarop hy vruggebruik het, af te kap en die hout te gebruik, dus lewende bome dood te maak, maar ook weer net in die geval van 'n sogenaamde sylva caedua, d.w.s. 'n bos of plantasie van bome wat weer uitloop nadat hulle afgekap is. Ander dooie bome kan hy verbruik. Is die saak waarop hy vruggebruik het, 'n kudde skape, bring dit mee dat die lammers die vruggebruiker s'n is wanneer hulle as lammers gebore is. Vrek van die skape in die kudde, moet die vruggebruiker die verlies aanvul en die kudde op sterkte hou, desnoods met die lammers.

Die nog lewende perske aan die boom moet eers van die boom afgeskei word aleer dit vatbaar is vir afsonderlike eiendomsreg. Die vraag wie dit doen en wie dit mag doen, is veral onder skoolkinders en studente bekend.

'n Onbeperkte reg tot skepping van lewe het niemand in die plante- en dierelewe nie. Dit weet die daggaplanter. Dit weet ook die boer wat boer in 'n distrik wat tot beesverbeteringsdistrik verklaar is. Kunsmatige inseminasie by diere is buitendien deur wetgewing gereël; die teelt van sekere vissoorte staan onder beheer van of die Unieregering of 'n provinsiale owerheid; die kweek van bastermieliesaad is nie enigeen se reg nie; die aanplant van wingerd kan nie onbeperk geskied nie. Ons reg is vol van hierdie soort reëlings en bevat selfs 'n baie onduidelike bepaling omtrent die patent wat iemand kan verkry as hy 'n plantvariëteit wat geslagsloos voortgebring kan word, uitvind. Ja, uitvind, nie kweek nie.

Afgesien van hierdie bepalings, kan ek natuurlik nog in die gedrang kom as my Friesbul oor die draad spring en by my buurman se Jerseykoeie kom.

Oor die skepping van kiemlewe met die oog op oorlogvoering kon ek in ons reg niks teenkom nie.

Dit is nie veroorloof om lewe hier oor die algemeen onbelemmerd te laat voortduur nie. My buurman se bome kan in omstandighede in die slag kom deurdat hy hulle as oorlas moet verwyder, of deurdat ek eenvoudig die wortels aan my kant vernietig. Hulle kan ook in die slag kom as dit gaan om die ontneming van my lig.

Boetebossie en olieboom moet uitgeroei word, net soos sprinkaan en tsetsevlieg. Die jakhals se stert en die miere se koningin bring vir die ontnemer van lewe selfs vergoeding — brandsiek by skape bring vir die eienaar van die skape 'n straf. Selfs ongediertes op die hoof van die mens is nie deur die wetgewer oor die hoof gesien nie.

Wanneer en hoe lewe ontneem mag word, hang van talle bepalings af. Die vis van 'n sekere lengte moet teruggegooi word in die water; wild mag op sekere tye van die jaar nie gejag word nie.

In omstandighede mag hoegenaamd nie gedood word nie, in ander omstandighede wel regmatig. Ek kan my eie hond doodskiet wanneer ek wil, mits ek hom nie in die proses mishandel nie. My buurman s'n kan ek net in sekere omstandighede skiet. Ek kan nie sommer die erdwurm in my buurman se grond gaan uitgrawe om in 'n ander se dam sonder toestemming te gaan visvang nie — maar om my eie weiveld te beskerm kan ek die swerm sprinkhane wat daarop toegesak het, verwilder en laat oorvlieg na my buurman se grond. Eintlik wemel ons reg hier van bepalings rakende die beskerming van die diere- en plantelewe.

Selfs 'n dooie dier of plant moet op bepaalde manier deur die mens behandel word. Die karkas van die os wat aan miltsiekte gevrek het, moet verbrand word. Die blare wat van my bome af waai op die vloer van die moutfabriek langsaan, mag eintlik nie daar kom as ek met die verkeerde gesindheid die bome daar geplant het nie. Ek moet dus die bome verwyder of sorg dat die blare nie daar kom nie, anders gebeur met my wat in juis so 'n saak oor die moutfabriek by die Oude Molen gebeur het.

Dit is duidelik dat ons reg 'n hele aantal bepalings aangaande die plante- en dierelewe bevat en dat die mens as regsubjek juis by die bepalings betrokke is. Vir die mens self moet die bepalings rakende sy eie lewe en dood uit die aard van die saak van besondere belang wees. Ek wil ook kortliks van hierdie voorskrifte behandel.

In ons reg rus daar geen verpligting op 'n mens om, nóg in sy getroude, nóg in sy ongetroude staat, menselewens te verwek nie. Geen mens het ook, hetsy getroud, hetsy ongetroud, die reg om menselewens te verwek nie. Inderdaad het ons oor laasgenoemde stelling uiteenlopende regsbeslissings.

Tegelykertyd is daar geen algehele verbod op lewensverwekking in ons reg nie. Die verwekking van lewe tussen blank en nie-blank is besonders gereël, selfs in die sin dat dade wat dit kán meebring, op straf verbied is. Die adverteer van voorbehoedmiddels is egter 'n misdaad. So ook is verkragting, 'n daad wat nog geen lewensverwekking hoef te beteken nie, 'n misdaad.

Die ontneming van die mens se vermoë om lewe te verwek, bv. deur sterilisasie, is veroorloof, maar dit geskied nie by wyse van straf nie.

Kunsmatige inseminasie by mense het inderdaad nog geen behoorlike aandag in ons reg geniet nie, met die gevolg dat die toestand onseker is. Menings hieroor is elders ook uiteenlopend. In Kanada en Amerika het die howe beslis dat kunsmatige bevrugting deur die saad van 'n skenker, oorspel is. In Skotland is anders beslis.

Van besondere belang is egter die vraag: wanneer is daar juridiese lewe en watter verband hou dit met regsubjektiwiteit? Sowel die nog ongebore vrug as die gebore kind kom hier onder die soeklig.

By die misdaad verkragting word o.a. vereis 'n lewende — volgens ons ou skrywers 'n „besielde" — vrug. Dit is onseker wanneer daar in die reg so iets is. Net so onseker is dit presies wanneer die vrug mens is, in alle geval vir die doeleindes van die strafreg en die twee misdade vrugafdrywing en moord. Volgens die Duitse strafreg is die vrug 'n mens by die eerste barenspyne.

Vir die doeleindes van die privaatreg is geboorte die regsfeit waaraan die ontstaan van die mens as regsubjek geknoop word, hoewel aanstons aangetoon sal word dat ook die nog ongebore vrug nie regteloos is nie.

Die mens is juridies gebore wanneer daar afskeiding van die moederlyf, lewe en lewensvatbaarheid is. Aan elk van hierdie woorde word 'n regsbetekenis gegee. So is daar deur ons ou skrywers vir die vereiste „lewe" verlang dat die kind die vier wande moes beskrei het, d.w.s. so hard gehuil het dat hy oral in die kamer gehoor kon word. Ander verordeninge het gelui dat 'n kind eers dan lewend gebore is as hy lewendig bokant die doopvont in die priester se hande gelê het. Lewenstekens wat hy voor die tyd mag gegee het, is buite rekening gelaat. Vandag word „lewe" gesien in die kind se asemhaling.

Dat die nog ongebore of selfs onverwekte vrug nie regteloos is nie, toon die volgende aan: Die reeds verwekte vrug word geag reeds gebore te gewees het as kind, so dikwels as wat dit tot sy voordeel is — mits hy inderdaad gebore word. Die reel geld vir die erfreg. Ook volgens die erfreg het die nog onverwekte kind van die derde geslag by die instelling van die fideicommissum regte wat erken en gehandhaaf word. Vir hom sal in omstandighede 'n curator ad litem aangestel word ten einde sy belange in 'n geding te behartig. Tans is die hooggeregshof deur wetgewing as 't ware voog oor hulle gemaak.

Die verwagtende moeder wat tot die dood veroordeel is, word nie tereg gestel aleer die kind gebore is nie. Die persoon wat die dood van die vader van 'n nog

ongebore kind op nalatige wyse veroorsaak, kan deur die kind na sy geboorte aangespreek word vir vergoeding vanweë die verlies aan hierdie bron van onderhoud. Die verwagtende moeder kan nie in haar akte van dading met die man van wie sy skei, afstand doen van die kind se reg op onderhoud teenoor die vader nie.

'n Algemene verpligting om die mens aan die lewe te hou, bestaan daar nie, maar wel 'n verpligting vir besondere mense om dit te doen. Ek is nie volgens ons reg verplig om die vreemdeling wat buite in die koue lê en verkluim, of voor my oë in die watersloot val, te red nie. Maar versuim om my kind mediese behandeling te gee, is 'n misdaad, net soos dit 'n misdaad is om te versuim om iemand wat ek in 'n motorongeluk beseer het, hulp te verleen. Die geneesheer het reeds sy verpligtinge teenoor die pasgebore kind en ouers het hul eie besondere regspligte teenoor hul kinders. Selfs die staat trek hom hierdie verpligtinge aan en gryp in wanneer ouers versuim. Die geneesheer het egter nie sodanige ingrypingsreg om lewe aan die gang te hou nie.

Die reg op lewe en dood wat die Romeinse en Germaanse vader gehad het ten opsigte van hul kinders, bestaan nie meer vandag nie. Ook nie die reg om 'n sogenaamde monster by geboorte te dood nie. Vandag is die kind wat met 'n gesplete verhemelte of 'n haselip gebore word, nie meer 'n „monster" nie, maar het inteendeel net so 'n reg om voort te lewe as die normale kind.

Niemand het die onbeperkte reg om lewe uit te skakel nie. Die geneesheer mag die lewende vrug verwyder om die lewe van die moeder te red; maar nóg die geneesheer nóg die moeder self nóg enigiemand anders, mag die vrug afdryf of dood, ook nie eens in die geval van voorafgaande verkragting van 'n blanke vrou deur 'n nie-blanke nie.

Die negentigjarige wat op sy uiterste is, of selfs die kind van twee weke wat op sy uiterste is, mag nie gehelp word om gouer te sterf nie, want ons reg ken geen eutanasie of genadedood nie.

Die moordenaar erf buitendien nie van die vermoorde nie. Die laksman kan egter erf van die persoon wat hy aan die galg laat sterf het, want hy voltrek slegs 'n vonnis. Die staat het immers die reg om in omstandighede lewe te ontneem. Dit het die individu ook in bepaalde gevalle, maar volgens ons howe nie ten einde slegs eie goed te beskerm nie.

Op die slagveld bestaan die reg om dood te maak, indien nie die plig nie. Gewetensbesware hierteen, net soos in die geval van die verpligting om lewe aan die gang te hou, lewer besondere regsprobleme.

Net soos geboorte, is dood ook 'n regsfeit van besondere betekenis. Dat die dood ingetree het, ook in juridiese sin van die woord, kan in gewone omstandighede geredelik bewys word. Die reg wyk daar nie ver af van die biotiese nie.

Maar die reg ken ook sekere vermoedens ten opsigte van dood. In die eerste plek die vermoede van dood, uitgespreek deur die hooggeregshof, na oorweging van faktore soos die „oorledene" se ouderdom, gesondheidstoestand, beroep, die gevaarstoestand waarin hy verkeer het toe hy laas gesien is — trouens, alle omstandighede wat die hof tot 'n bevinding kan laat kom. Blote tydsduur van afwesigheid of blote ouderdom is nie alleen voldoende nie.

Dit spreek vanself dat so iemand wat spoorloos verdwyn het, nog kan „leef", maar vir die doeleindes van die reg, veral

vir die erfreg en die vermoënsreg, word hy geag dood te wees.

In die tweede plek die vermoede van volgorde van dood wanneer persone saam in 'n ongeluk omkom. Daar word, met 'n beroep op bronne wat die stelling nie steun nie, verklaar dat hierdie vermoede nie deel van ons reg is nie, maar myns insiens is dit nog so dat die vermoede bestaan dat die kind onder puberteitsjare geag word langer te geleef het, en die vrou geag word langer te geleef het as die man, wanneer sulke persone saam in 'n ongeluk omkom. Vanselfsprekend geld die vermoede net wanneer daar geen bewys tot die teendeel is nie.

Die wetgewer het die aanvoering van bewys dat 'n soldaat geag word dood te wees, vergemaklik.

Die verpligtinge van die mens hou nie by sy dood op nie. Daarmee wil ek nie verklaar dat die oorlede mens nog regsubjek is nie. Dit is 'n omstrede gebied, maar ons reg verg nietemin dat die oorledene se krediteure betaal word en laat selfs in omstandighede die onderhoudsplig teenoor kinders voortduur.

Met die oorledene se lyk kan nie na willekeur gewerk word nie. Dat dit so is, bewys die misdaad grafskending, verordeninge rakende herbegrawing en bepalings aangaande die skenking van lyke aan mediese skole. Die mens kan selfs tydens sy lewe in 'n sekere sin beskik oor sy doodsbeendere.

Sy goeie naam kan hy egter nie na sy dood deur die instel van 'n lasteraksie laat beskerm nie.

In ons reg is die nadoodse straf, as ek dit so mag noem, ook nie meer bekend nie. Die selfmoordenaar se lyk word deesdae net soos dié van 'n ander gestorwene begrawe.

Ook by die *regshandelinge* verrig deur die mens, speel die dood besondere rolle.

'n Volmag verval met die dood van die volmaggewer of verteenwoordiger. By die dood van die aanbieder in die kontraktereg, verval sy aanbod wat nog nie aangeneem is nie; net so verval die aanbod by die dood van die geadresseerde as hy nog nie die aanbod aangeneem het nie.

By die koopkontrak wat perfecta is, gaan die risiko oor op die koper, dra hy dus die verlies as die gekoopte perd, waar die verkoper wel sy versorgingsplig nagekom het, voor lewering vrek.

Dit is juis die dood van die versekerde waaromheen die verpligting van die versekeraar draai. Die dood van die erflater maak nie net sy benoeming van 'n eksekuteur onherroeplik nie, maar dit maak juis ook sy uiterste wil van krag.

Ons reg veroorloof dit die mens as persoon om ook deur sy regshandelinge 'n regspersoon te skep, hetsy dan 'n regspersoon in die vorm van 'n sogenaamde korporasie of personeverbinding, hetsy 'n stigting. Afgesien daarvan erken ons reg ook sekere liggame of groepe persone as regspersone.

Oor die wese en aard van regspersone sal daar seker nooit eenstemmigheid onder juriste bereik word nie. In alle geval nie aleer die foutiewe ingesien word om alles wat verklaar kan word van die enkeling mens, ook te wil hê en te wil verklaar ten opsigte van die regspersoon nie. Bioties en psigies leef die stigting as vermoënskompleks seer seker nie soos die enkele mens nie. Maar juridies leef dit wel, neem dit aan die regsverkeer deel, het dit ook 'n juridiese wil, net soos die korporasie 'n regslewe het, 'n regswil het.

Dit is juis 'n stelling soos hierdie wat daartoe bydra dat verklaar word dat die juris in sy eie denkbeeldige wêreld leef en met fiksies werk; dat hy met werklikhede werk wat hy eers vir homself geskep het, werklikhede wat vreemd is aan die gewone mens, en dat hy daarna regsvoorskrifte gaan maak het vir hierdie werklikhede. So sou die juris dan ook vir homself die werklikhede lewe en dood geskep het en toe reëls daaromtrent gemaak het. As die Pous die Vatikaan nie mag verlaat nie, dan word eenvoudig geag dat hy in die Vatikaan is terwyl hy elders langs die strand swem. As die man 'n man is, dan word hy, soos dit die juris behaag, geag 'n vrou te wees; al is die blanke 'n blanke, dan word hy geag, in omstandighede deur die juris geskep, 'n nie-blanke te wees; as hy nog nie gebore is nie, word hy geag te geleef het; en as hy leef, word hy geag dood te wees.

Ek wil nie hier op die veroordeling van die juris en sy werklikheid ingaan nie. Ek wil alleen verklaar dat regsvoorskrifte, ook Suid-Afrikaanse regsvoorskrifte, verband hou met norme wat in wese ook saamhang met die onderskeid tussen goed en kwaad. Regsvoorskrifte is gerig op wat behoort te wees. Ook die moraal hou sig daarmee besig. Maar die reg het sy eie rigsnoer in die verband, het ook sy eie siening van lewe en dood, 'n siening met geregtigheid as die eindpunt.

As ons so geïsoleerd leef, het ek natuurlik die hele tyd alleen gepraat en u doodgegooi met 'n aantal onwerklikhede.

Nietemin bedank ek u opreg vir u lewendige belangstelling en die doodse stilte solank ek gepraat het. Mag dit so wees dat 'n nuwe lewe van belangstelling in die regte by u ontstaan het.

H. L. Swanepoel.
P.U. vir C.H.O.